Jesus; ‘n Fariseër & ‘n vrou Luk. 7:36-50

Hoe kom ek in die verhaal in?

1. Konteks in Luk?
2. Tafel? Hoe kan die vrou net instap?
3. Was die Fariseër sleg? En ek (vrou of fariseër)?
4. Aan watter sonde was die vrou skuldig?
5. Ken Jesus die vrou? Het Hy reeds voorheen haar sonde vergewe (vgl. 7:47)?
6. Waarom huil sy so?

gk linden

7:6Jesus het toe saam met hulle gegaan. Toe Hy nie meer ver van die huis af was nie, stuur die offisier ’n paar van sy vriende om vir Hom te sê: “Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie...9“Ek sê vir julle: In Israel het Ek nie so ’n groot geloof teëgekom nie.”

7:29Al die mense, ook die tollenaars, het na hom geluister en was aan die wil van God gehoorsaam. Hulle het hulle met die doop van Johannes laat doop. 30Net die Fariseërs en die wetgeleerdes het die bedoeling van God verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie.

7:33 Want Johannes die Doper het ge-kom en het nie brood geëet of wyn gedrink nie, en julle sê: Hy het ’n duiwel. 34 Die Seun van die mens het gekom en Hy eet en drink, en julle sê: Daar is ’n mens wat ’n vraat en ’n wynsuiper is, ’n vriend van tollenaars en sondaars.

35 Maar die wysheid is geregverdig deur al sy kinders.

36Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het toe in die huis van die Fariseër ingegaan en aan tafel plek ingeneem.

37’n Sekere vrou in die dorp, wat ’n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe ’n albaste flessie met reukolie

38en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil,
sodat haar trane op sy voete begin drup het.
Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog,
hulle gesoen en met die reukolie gesalf. 39Toe
die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy
by homself: “Hy, as hy ’n profeet was, sou tog
geweet het wie en watter soort vrou dit is wat
aan hom raak, dat sy ’n sondares is.”

40Maar Jesus spreek hom aan en sê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.” “Meneer, sê dit maar!” antwoord hy. 41Jesus sê toe. “Twee mense was in die skuld by ’n geldskieter. Die een het vyf honderd rand geskuld en die ander een vyftig. 42Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die skuld vir albei kwytgeskel. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?”

43Simon antwoord: “Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgeskel het.” “Jou antwoord is heeltemal reg,” sê Jesus, 44en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: “Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom—en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog.

45’n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. 46My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf.

47Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is (vgl. Luk. 15:20-22), daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde.”

48En Jesus sê vir haar: “Jou sondes is vergewe.” 49Toe begin dié wat saam aan tafel was, onder mekaar sê: “Wie is hierdie man dat hy selfs sondes vergewe?”

50Maar Jesus sê vir die vrou: “Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.”

36Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het toe in die huis van die Fariseër ingegaan en aan tafel plek ingeneem.

37’n Sekere vrou in die dorp, wat ’n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was.